Pro-Ed Akademie

'n Toonaangewende, Christen Afrikaanse Privaatskool in Swakopmund

beskik oor die volgende vakatures. Professionele persone wat voldoen aan die vereistes, word genooi om aansoek te doen:

BESTUURSPOSTE

DEPARTEMENTSHOOF: SENIOR PRIMêR GRAAD 4 – 7

Minimum 5 jaar onderwysondervinding en ondervinding in soortgelyke posisie

LAERSKOOL: HOOF

Minimum 8-10 jaar onderwysondervinding en ondervinding op bestuursvlak

HOëRSKOOL: HOOF

Uitgebreide kennis, agtergrond van / en skakeling met die IEB is 'n voorvereiste
Minimum 8-10 jaar onderwysondervinding en uitgebreide ondervinding op bestuursvlak

ADJUNKHOOF

Minimum 8-10 jaar onderwys ondervinding en uitgebreide ondervinding op bestuursvlak
Verbintenis en skakeling met Noordwes Universiteit sal tot voordeel strek

Tesame met bogenoemde, minimum vereistes en vaardighede:

- Akademiese- en professionele onderwyskwalifikasie van geakkrediteerde tersiêre instelling
- Kennis van die kurrikulum en verwante aangeleenthede vir betrokke fase
- Kandidaat moet ten volle tweetalig wees (Afrikaans en Engels)
- Passie vir onderwys en vermoë om verhoudings met belanghebbendes daar te stel en te volhou
- Uitstekende administratiewe- en kommunikasievaardighede
- Vaardigheid om dinamiese span te bestuur en jong personeellede te lei
- Strategiese denkwyse, bestuursvermoë en bewese sakevernuf
- Vermoë om leiding te gee aangaande veranderinge in onderwys, tesame met visie en vermoë om aanlyn onderrig, e-leer en tegnologie in onderrig te implementer en te bestuur
- Persoonlike verbintenis tot professionele ontwikkeling, Christenonderwys en bydrae tot die karakter en waardes van die skool
- Namibiese burgerskap / permanenete verblyf

Pligstaat behels die volgende, maar nie beperk nie, tot:

- Verantwoordelik om effektiewe leeromgewing te skep en te bestuur en kwaliteit, effektiwiteit en vooruitgang te dryf
- Oorhoofse bestuur en administrasie van departement/fase/afdeling, in samewerking met die skoolhoof, finansiële bestuurder en bestuursraad
- Oorhoofse bestuur, beplanning, bevordering, bemarking en prestasiemeting in terme van onderrig, buite-kurrikulêre aktiwiteite (sport & kultuur), dissipline en personeel
- Verantwoordelik vir skoolvoorraad, toerusting en batebestuur van departement/fase/afdeling
- Spesifieke pligte en verantwoordelikhede sal in samewerking met die skoolhoof bepaal word. Kandidaat sal aan skoolhoof rapporteer in terme van alle opdragte en verantwoordelikhede.

Dui asseblief in u dekbriek aan vir watter pos u aansoek doen. Aansoeke kan gerig word aan: Die Skoolhoof, Posbus 2085, Swakopmund of per e-pos na proedvacancy@gmail.com
Aansoek moet vergesel wees van 'n volledige Curriculum Vitae met kwalifikasies, identiteitsdokument/paspoort en bewys van Namibiese burgerskap.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 1 September 2021 **Diensaanvaarding : 1 Januarie 2022**

Slegs kandidate op die kortlys sal gekontak word. Indien u geen uitnodiging vir 'n afspraak van Pro-Ed Akademie ontvang het binne 2 weke na sluitingsdatum, beskou asseblief u aansoek as onsuksesvol. Pro-Ed Akademie behou die reg voor om nie 'n afspraak en/of aanstelling te maak nie.